

'N MOOI STELLETJIE OM TE BREI

Dié oulike spikkelpakkie
is gebrei, en die motief en
spikkels is daarop gebor-
duur na dit klaar was

BENODIGDHEDE: 3 bolle Patons Baby
driedraad; klein hoeveelheid oorskietgaring,
pienk, groen en rooibruin om mee te
borduur; breinaalde van 2,50 mm en 2
knope.

MATE: Om baba van 6-9(12-18) maande te
pas; lengte vanaf skouer 53(58) cm. Raad-
pleeg ook diagram.

SPANNING: 32 ste en 42 rye = 10 × 10 cm
oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei
aweregs; st(e) - steek (steke); vermeer -
vermeerder; vermin - verminder; herh -
herhaal; tes - tesame; grn - garing rondom
naald; vlg - volgende; gs - glipsteek; herh -
herhaal; ks - koussteek; RK - regte kant;
VK - verkeerde kant; weersk - weerskante;
oorbl - oorblywende; alt - alternatiewe; rs -
reksteek (= alle rye regs)

SKOUEBROEK

AANWYSINGS: Begin aan onderkant van
eerste broekspyp.

Stel 50(52) ste op en brei 1 ry aw; 4 rye rs.

Vlg (gaatjies) ry: * r 2, grn, r 2 tes * tot
einde.

Brei nog 2 rye rs.

Slaan oor na ks.

Vlg ry: r 1, brei 2 keer in elke vlg st tot laaste
st; r 1 — 98(102) ste.

Brei reguit voort tot werk 24(26) cm lank
is.

Kruisvorming: Heg 2 ste af aan weersk van
vlg 2 alt rye. Heg 1 st af aan weersk van vlg 2
alt rye — 86(90) ste.

Plaas ste op reserwenaald en brei 2e
broekspyp dieselfde.

Plaas ste van albei broekspype op 1
breinaald en brei reguit voort op die 172(180)
ste tot werk 41(44) cm lank is vanaf begin.

Vlg ry: Verdeel 13 verminderings oor 1e
48(51) ste vir linkeragterpant; vermin 8 ste
oor die vlg 76(78) ste — die voorpant — en
vermin weer 13 ste oor laaste 48(51) ste vir
regteragterpant — 138(146) ste bly oor.

Verdeel vir skouers: Plaas eerste en laaste
35(38) ste op reserwenaalde en heg middelste
68(70) ste af.

Skouerstuk met puntjie: Begin by puntjie:
Stel 2 ste op en vermeer 4 ste aan weersk
van vlg 8 alt rye.



SLAVIN VAN LA LIBERTÉ

yskoue water maak haar ledemate lam, maar dis die vrees wat haar laat aanhou en haar die krag gee om vol te hou. Die terugspoel van die branders ruk haar bene onder haar uit omdat sy te moeg is om nog terug te veg. Dan span sy haar laaste kragte in en eindelijk struikel sy uit die vlak brandertjies na die loutwarm sand waar sy uitgeput bly lê.

DE LA FONTAINE bereik die skip met Lantini saam met hom. Hulle klim teen die touleer op en die graaf se manne volg in stilte.

„Deursoek die skip!” bulder die graaf aan sy manne.

Lantini se oë rol in hul kasse. „Matroos roep hom eenkant toe.”

„Die meisie het ontsnap, signor.”

Lantini begin byna lag.

„Dank die hemel *daarvoor!*” sug hy van verligting.

Die matroos staar hom onbegrypend aan.

„Ek verstaan nie.”

Lantini kyk na die matroos.

„As sy nog op die skip was, was ons in groot moeilikheid. Moet jou nie bekommer nie, Pedro, ons sal haar weer kry. Sy kan nie te ver weg wees nie.

Sodra die graaf homself tevrede gestel het dat die meisie nie hier is nie, gaan jy en 'n paar manne na haar soek en haar terugbring.

Die matroos draf weg en Lantini sluit weer by die graaf aan.

„Ek hoop u sal my na dese met rus laat, signor,” sê hy vol selftevredeheid.

De la Fontaine kyk ondersoekend na hom. Die onsekerheid en vrees het soos mis voor die son uit Lantini se oë verdwyn. lewers is hier 'n skroef los, besluit De la Fontaine. Hy onthou ook nou die geskarel van die matrose op die dek toe hulle aangekom het. Hy weet skielik met sekerheid dat Leia nie meer op die skip is nie.

„Staak die gesoek! Ons gaan land toe!” skreeu hy op die manne wat nog skarrelend die skip deursoek.

Hulle kom ietwat bekaf terug.

„Daar is niks, monsieur,” sê die een.

„Ek weet,” antwoord die graaf kil. „Monsieur Lantini het my so pas vertel dat hy haar van die skip verwyder het. Ons gaan terug land toe. Julle bly op die kaai. Volg enigiemand wat die skip verlaat. Ek neem aan dat

hulle na haar sal begin soek sodra ons vertrek.” Hy glimlag vir Lantini met 'n ysigheid wat 'n koue rilling langs die Italianer se ruggraat laat afkruip. „Jy sal mos nie my eiendom wil steel nie, of hoe, Lantini?”

„Daar . . . daar was nog nooit sprake daarvan nie, signor!” Lantini se stem is net 'n rapsie hoër as wat dit gewoonlik is.

In sy verrotte brein is daar reeds 'n plan besig om vorm aan te neem van hoe hy tog die geluk in sy guns kan laat draai. Hy sal die meisie kry voordat die graaf dit doen, en dan sal hulle onmiddellik vertrek . . . al is dit ook in die middel van die nag.

Die graaf klim weer in die skuit en met 'n diep frons tussen sy oë bly hy sit en dink aan wat hom nou te doen staan. Leia was op die skip, maar sy het weer eens soos 'n groot speld verdwyn. Sou sy dit dalk deur haar eie vindingrykheid reggekry het? Hy glimlag effens. Dié gedagte lyk na die enigste moontlikheid. Dit kan baie dinge verklaar.

By die kaai gee hy kortaf bevels aan die paar mans wat hom help en dan gaan hy terug na sy perd. As Leia ontsnap het, sal sy moontlik na La Liberté terugkeer. Teen hierdie tyd het sy seker al besef dat dit die enigste plek is waar sy beskerm sal word.

LEIA verspeel nie baie, tyd nie. Die oomblik toe sy haar asem begin terugkry, kom sy orent en begin aanstap. Hier teen die duine is daar net die lae soubosse wat skuiling kan bied, en dis nie genoeg nie. Na die nederstelling kan sy ook nie gaan nie, uit vrees dat daar nog van Lantini se matrose is.

Sy loop 'n draai om die nederstelling na die koetspad waarmee sy die vorige nag gebring is. Selfs van hier af kan sy die diepblou berge sien waar sy weet La Liberté is. Hier is vir haar geen ander toevlugsoord nie.

Lantini wring sy hande tevrede toe hy die klein figuurtjie op die strand sien. Hy lig sy teleskoop en lag uitbundig.

„Daar's sy! Toe, weg is julle!”

Die drie matrose wat hy uitgesoek het, pluk hul hemde oor hul koppe en duik in die water. Van die kaai af is hulle onsigbaar en die mans wat die skip dophou, kan onmoontlik weet dat die drie op pad is.

Leia vorder nie vinnig genoeg na haar sin nie. As sy net 'n perd gehad het, sou sy makliker kon weggom, maar nou het sy net haar moeë bene om op staat te maak.

Die son sit al hoog toe sy die koetspad bereik. Sy het die vorige aand laas geëet en die honger-
NA BLADSY 110

'N MOOI STEBLETJIE OM TE BREI

VAN BLADSY 75

Vermeer 1(2) ste aan weersk van daaropvlg alt ry — 68(70) ste.

Plaas hierdie ste op 'n reserwenaald.

Stel 5 ste op vir knoopflap, plaas dan 35(38) ste van linkeragterpant, 68(70) ste van gepunte skouerstuk en 35(38) ste van regteragterpant op dié breinaald — 143(151) ste.

Brei 2 rye ks.

Vlg ry: Maak 'n knoopsgat van 2 ste, 2 ste vanaf rand.

Brei 2 cm reguit en maak 'n 2e knoopsgat.

Brei voort tot werk 45(49) cm lank is vanaf begin — 4(5) cm vanaf samevoeging van al die steke en verdeel soos volg: 35(38) ste aan weerskante vir linker- en regteragterpant; 68(70) ste vir voorpant.

LINKERAGTERPANT: Vlg (RK) ry: Heg 9 ste af (5 van knoopflap en 4 ste) — brei tot einde.

Heg 3 ste af aan beg van vlg 4 rye.

Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Heg 1 ste af aan beg van vlg ry.

Heg 2 ste af aan beg van vlg ry.

Heg 1 ste af aan beg van vlg 5 rye — 7 ste bly oor.

Brei nog 5(6) cm vir skouerbandjie en heg af.

VOORPANT: Dit word in 2 dele gebrei; begin met linkerskouer. Heg garing vas aan RK van werk, naas die 3 afgehegte ste van 2e

ry van linkeragterpant en brei 29 ste; draai om en laat oorbl 39 ste van ry steeds op reserwenaald.

Vlg 4 rye: Heg 3 ste af aan beg van ry, brei tot einde.

Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Heg 1 ste af aan beg van vlg 6 rye.

Brei tot skouerbandjie so lank soos eerste is — 5(6) cm.

Brei regterskouer van voorpant op dieselfde manier as linkerskouer, vorming omgekeerd. Brei regteragterpant soos linkeragterpant, vorming omgekeerd, en onthou dat eerste vermin 4 ste is want daar is geen knoopflap nie.

AFWERKING: Werk broekspynpate toe. Werk agterpantnaat ongeveer 11 cm toe.

Hekel 1 ry kb oor agterpantopening, knoopflap, armsgate, halsopening en skouerbandjies. Voor gepunte skouerstuk aan voorpant vasgework word, moet 1 ry kb rondom gehekel word.

Werk dit dan netjies met onsigbare steke aan bokant van pant vas. Borduur 'n blom in middel van skouerstuk en verspreide kruisstekies met verskillende kleure hier en daar oor die voltooid breiwerk. Werk knope aan. Draai twee koordjies en ryg dit deur gaatjiesrye aan onderkant van broekspype.

TRUITJIE

AGTERPANT: Met 2-mm-breinaalde en wit stel 76(84) ste op en brei 2 cm rs.

Slaan oor na 2,50-mm-breinaalde en ks en brei voort tot werk 16(18) cm lank is vanaf begin.

Mouvorming: Vlg ry: Stel 5(6) ste op aan beg van vlg 6 rye: Stel daarna 5 ste op aan

beg van daaropvlg 2 rye — 116(130) ste.

Brei steeds die eerste en laaste 5 ste aan weersk van werk in rs om 'n randjie te vorm. Brei voort tot werk 18(21) cm lank is.

Verdeel vir rugopening: Brei 58(68) ste en plaas oorbl ste op reserwenaald.

Brei die 3 ste naasaan halsopeningrand deurgaans rs. Brei voort tot werk 25(28) cm lank is vanaf begin.

Halsvorming: Vlg ry: Heg aan halsrand 8(9) ste af, brei tot einde. Brei 1 ry.

Vlg ry: Heg aan halsrand 6(7) ste af, brei tot einde — 44(49) ste.

Brei voort tot werk 26(29) cm lank is.

Skouervorming: Heg al die ste in vlg ry af. **Tweede skouer:** Neem die 58(65) ste van reserwenaald op, stel 3 ste op vir knoopflap en hou hierdie 3 ste in rs.

Brei voort tot werk 25(28) cm lank is vanaf begin.

Halsvorming: Vlg ry: Heg aan halsrand 11(12) ste af, brei tot einde. Brei 1 ry.

Vlg ry: Heg aan halsrand 6(7) ste af, brei tot einde. Brei voort tot werk 26(29) cm lank is en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant, maar sonder rugopening, tot werk 22(25) cm lank is vanaf begin.

Halsvorming: Vlg ry: Heg middelste 10(12) ste af, brei voort op laaste stel ste vir skouer- en halsvorming.

Vlg ry: Heg aan halsrand 3(4) ste af. Brei 1 ry.

Heg daarna in vlg en daaropvlg alt ry 2 ste aan halsrand af, vermin daarna nog 2 keer 1 st aan halsrand in alt rye — 44(49) ste.

Brei voort tot werk 26(29) cm lank is vanaf begin en heg al die ste af.

NA BLADSY 115

'N MOOI STELLETJIE OM TE BREI


VAN BLADSY 104

SKOUERSTROOK (brei 2): Stel 38(40) ste op en brei 2 cm rs. Heg lossies af.


AFWERKING: Werk skouernate toe. Tel 82(90) ste op rondom halsrand en brei rs. Brei 'n knoopsgat van 2 ste in 2e ry, 2 ste vanaf halsrand.

Heg lossies in 6e ry af. Werk skouerstroke in posisie vas. Werk knoop aan knoopflap. Borduur kruisstekies oor die hele truitjie om soos verspreide spikkels te lyk.

DIAGRAM VIR BABA-STELLETJIE



Blom om te borduur



- × — groen
- — pienk
- ∇ — rooibruin
- — agtergrond

TROU- KAARTJIES

Ons album bevat die mooiste en eksklusiefste kaartjies in die land en vir elke smaak word voorsiening gemaak. Die alles-omvattende album is tot u beskikking vir 14 dae. Stuur asb. R1.50 posorder om posgeld te dek aan:

Afd. R
Unique Drukkers
Posbus 1090 Tel. 27231
Kroonstad 9500

T.K.

VERBAN HAAR PROBLEME



★ Dowwe hare
★ Yl, onregeerbare hare
★ Hare wat uitval
HOEF NIE MEER 'N PROBLEEM TE WEES NIE
Skryf (of telefoneer) om GRATIS besonderhede van ons geïllustreerde brosjure oor en pryslys van ons pragtige verskeidenheid van pruuke aan:

FASCINATIONS
Voortrekkerweg 189a,
Vasco 7460. (021) 59-3144

NAAM
ADRES

KODE

R/R 26/1/83

R

MOOI BENE



TROETEL U BENE MET 'N
WARM MASKERBEHANDELING
MET MARIA GALLAND SE
VERBASENDE PRODUK.

- VERBETER DIE BLOEDSIRKULASIE.
- RAAK VAN AFVALSTOWWE IN DIE WEEFSEL ONTSLAE.
- VERBETER DIE VEL SE ELASTISITEIT.
- VERLICHTING VAN SPATARE EN FYN GEBARSTE AARTJIES.
- VERBETER SELULIET- EN OORGEWIG-TOESTANDE.

VERLICHTING VAN SPATARE

Die bene word eers behandel met 'n vloeistof, wat die bloedvate laat vergroot. Daarna word 'n spesiale roompie aan die probleemplekke, soos byvoorbeeld spatare, gesmeer. Om die bloedsirkulasie te stimuleer, word die hele voet en been met 'n ander salf bedek. Al hierdie salfte en room bevat proteïene, vitamienes, minerale, soute, spoorelemente en omissure. Die bloedsirkulasie word verder gestimuleer deur nou eers 'n paar been- en voetoefeninge te doen, soos „fietsry" en sirkelvormige bewegings met die voete. Nadat die oefeninge gedoen is, word die bene met gaasdoek bedek en die masker aangesmeer.

Dit bestaan uit 'n poeier, wat met water by kamer-temperatuur gemeng word.

Hierdie geelbruin pap word eweredig oor die voete en bene gesmeer. Daarna word die bene met 'n handdoek en kometers bedek en begin die masker met sy toorwerk. 'n Chemiese reaksie vind plaas, wat die pap warm en hard laat word en ook effens laat krimp. Geleidelik koel dit weer af.

Hierdie masker help die room om hul werk meer doeltreffend te verrig. Wanneer die masker—dit lyk amper soos 'n gipsvorm—heeltemal afgekoel het, word dit verwyder en die bene word met 'n spesiale tonikum skoongemaak.

Die behandeling duur sowat 'n halfuur en is beslis ontspannend. Daarna voel jou bene heerlik. Maar vanselfsprekend is een behandeling nie genoeg nie. 'n Reeks van sowat agt word aanbeveel, met een of twee maandelikse behandelings daarna.

VOETROOM

Die masker kan nie tuis aangewend word nie, maar net by sekere salonne waar die skoonheidskundiges opgelei is om dit te gebruik.

Vir tuisgebruik is daar egter 'n voetroom beskikbaar wat saans aangewend word. Dit is reukwerend en verwyder los velletjies en onder growwigheid aan voete, asook eelte en liddorings.

BESKIKBAAR BY DIE VOLGENDE SALONNE:

Figure & Beauty Parlor 972-4718; Marletts, Tel: 22689, Newcastle; Choice Boutique, Tel: 869-7209, Alberton; Steldoré de Beauté, Tel: 23089, Klerksdorp; Slimming and Beauty la Femine, Tel: 56-6254, Springs; Clinique de Beauté, Tel: 24025, Potchefstroom; Cape Town Skin and Beauty Clinic, Tel: 49-1365, Kaapstad; Gertrude Kempen, Tel: 22-3501, Kaapstad; Georgines-skoonheidskliniek, Tel: 345, Delareyville; Ladyborn, Tel: 706-5763, Bryanston; Myra Beauty, Tel: 97-0137, Bellville, Kaapstad; Pat Place, Tel: 47-7880, Kaapstad; Le Juan, 3886, Potgietersrus.

Vogue INSTITUT
DE BEAUTE

WINKEL 55, DIE MEENT
PRETORIUSSTRAAT
PRETORIA. TEL: 21-1804/5
EN
SUNNYSIDE-TAK
2de KANTOORVLAK
SUNNYPARK. TEL: 42-1292